# PROBLEME UIT DIE SILLABUS

## DIE ONDERRIG VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE CHRISTELIKE KERK—DIE ST. 5-SILLABUS

### 1. Skoolgeskiedenis teenoor kerkgeskiedenis

Dit is belangrik om ten aanvang oor dié probleem te dink: Hoe word kerkgeskiedenis vir die sekulêre wêreld aangebied? Of anders gestel: Word kerkgeskiedenis op dieselfde wyse in die skool as in die kerk onderrig?

Die volgende moet in ag geneem word: die kinders in die Sondag- of kategeseskool behoort aan 'n bepaalde kerk- of geloofsgroep. Die kinders in die skool behoort feitlik sonder uitsondering weer aan verskillende kerke en sommige self aan geen kerk nie. Die teikengroep van die Sondagskoolonderwyser is dus nie dieselfde as dié van die gewone skool nie. Hieruit volg dit dat die aanbieding en selfs inhoud van die geskiedenis van die Christelike kerk nie vir die kerk en skool dieselfde sal kan wees nie. Boonop gaan indiwiduele kerke uit van verskillende dogmatiese beskouings- en leerstellige- beginsels. So iets kan die skool nie doen nie—eenvoudig so omdat dit nie in die skool om kerklike dogmas gaan nie. As dit wel daarom sou gaan, watter dogma sou dit wees? Dié van kerk A of dié van kerk B? Dié van Calvinisme of dié van die Rooms-Katolisisme?

### 2. Die skoolgeskiedenissillabus

'n Sillabus vir geskiedenis word deur elke onderwysowerheid opgestel vanuit 'n bepaalde kernsillabus. Hierdie kernsillabus reflekteer (in 'n mate) weer die multi-kulturele verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse bevolking en is as sodanig "neutraal". Dit wil sê die sillabus is nie veronderstel om die belange van een groep bó dié van 'n ander te bevoordeel nie.

Wat die Christelike kerk aanbetref, lui die kernsillabus soos volg:

> *Die onstaan en verspreiding van die Christelike kerk: die stigting, vervolging en groei van die Christelike kerk*

Vir TOD-doeleindes is dié deel verder verfyn:

- ★ Die Joodse godsdiens voor die geboorte van Jesus Christus
- ★ Sy geboorte, opdragte aan die dissipels en eerste gemeentes
- ★ Vervolging van Christene, Paulus en sy sendingreise, die stigting van gemeentes in Klein-Asië en Europa
- ★ Die Christelike kerk in Rome, vervolging en uitbreiding
- ★ Die keiser en die kerk, geloofsvryheid, die Christelike kerk as staatskerk
- ★ Die verdeling van die Romeinse Ryk én die kerk
- ★ Die kerstening van die Germane
- ★ Die kerk in die Middeleeue

### 3. Die skoolgeskiedenishandboek

Die skryf van skoolgeskiedenisboeke is 'n besondere wyse van wetenskapsbeoefening. Hoewel dit nie op 'n "hoë akademiese vlak" beweeg nie, is die voortbring daarvan nie minder as ander historiese werke die resultaat van ernstige historiese navorsing nie; trouens, as geskiedskrywing deel dit die probleme rakende objektiwiteit en apriorisme, asook die soeke na klaarheid en helaas ook die waarheid in die verhaal van die mens.

Hiermee saam hang die daarstelling van die verhaal van die mens soos wat dit voor God afgespeel het, 'n probleem eie aan die geskiedwetenskap, aangesien die historikus feitlik sonder uitsondering in 'n tweedehandse posisie geplaas word in dié sin dat hy nie 'n ooggetuie van die besondere gebeurtenis was nie. Sy weergawe van geskiedenis-as-werklikheid tot geskiedenis-as-wetenskap berus op talle bronne: dokumente, dagboeke, herinneringe, mondelinge oorlewering, historiese reste, ens.

Die volgende vraag is ter sake: *Is die Bybel 'n historiese bron?*

In dié verband is dit belangrik dat leerlinge sal weet dat hulle vir inligting rakende die geskiedenis van die Jode én hul geloof, die geboorte, lewe, werk, sterfte en opstanding van Jesus Christus asook die vroeë Christelike kerk in die eerste plek op die Bybel aangewese is. Teen dié agtergrond is die Bybel 'n historiese bron wat inderdaad die "geskiedenis en verhaal van hul (die Jode s'n) geloof" is (Graves, F., Horn, J. en Viglieno, E.: *Geskiedenis vir Vandag*, st. 5, p. ).

Vir die Christenonderwyser het die Bybel egter *ook 'n ander dimensie as bloot die sekulêre:* die *verhaal van hul geloof* is vir hóm in werklikheid *heilsgeskiedenis*—wat dit uiteraard vir die nie-Christen nie is nie. Trouens, vir die nie-Christen is die Bybel, dit wil sê die Ou én Nuwe Testament 'n doodgewone boek—soos wat die Nuwe Testament vir aanhangers van die Joodse geloof iets heel anders is as vir Christene. Maar *handboek- en sillabusinhoud is vir bv. Christene én Jode dieselfde.* In die onderrigsituasie sal die Christenonderwyser egter 'n besonder geestelik-religieuse dimensie aan bv. die Nuwe Testament gee: nou word die Bybel meer as historiese bron, word die Bybel vir die Christengelowige die inhoud, maatstaf en rigsnoer vir sy geloofs- en sedelewe. *Dit is die voorreg én plig van die Christenonderwyser om die leerlinge in 'n Christelike skool in dié opsig voor te gaan—nié die plig van die sillabus en handboek nie!*

Aan die ander kant moet dit onthou word dat die Geskiedenisonderwyser nie noodwendig die Bybelonderrigonderwyser is nie.

Benewens die vakwetenskaplike moet die skoolgeskiedenis-handboekskrywer ook aan vakdidaktiese eise voldoen. Wat dit aanbetref, tree die pedagogies-didaktiese na vore. Dit beteken in die eerste plek dat die leef- en leerwêreld van die leerlinge vir wie 'n bepaalde boek geskryf word, baie definitief in ag geneem moet word. In dié opsig is dit belangrik dat 'n eenvoudige dog belangrike saak soos *taal* by die ontwikkelingspeil van die leerlinge sal aanpas. Leerinhoud wat in "verhewe" en "akademiese" styl geskryf word, sal uiteraard gevaar loop om deur leerlinge verwerp te word. Daarom word leerinhoud vereenvoudig en verstaanbaar gemaak.

Teen dié agtergrond is dit logies én opvoedkundig dat 'n handboek hom nie van iets soos "kerk- of Bybeltaal" kan bedien nie. Veel eerder sal "standerd 5-taal" gebruik word. *Hoofsaak is dat die leerling altyd aangespreek moet word.* Dit is per slot van rekening vir hom wat die boek geskryf word.

### 4. Die Middeleeuse Christendom: Rooms-Katoliek of Protestants?

Vir die leek—nie vir die *kundige* Geskiedenisonderwyser nie—sal die inhoud van 'n (enige) st. 5-handboek ten opsigte van die aard en organisasie van die Christelike kerk in die Middeleeue probleme bied.

Die geskiedenis van *enige* Christelike kerk moet ook sý oorsprong herlei na dié vroeë jare—daardie tyd voordat daar hoegenaamd sprake van 'n beweging soos die Hervorming was. Dié tyd toe die kerk in bisdomme onder biskoppe, aartsbiskoppe en uiteindelik die pous georganiseer is. Dit was inderdaad die omstandighede gedurende die Middeleeue—presies soos wat die sillabus dan tereg ook verwag. In geen st. 5-handboek sal begrippe soos *Rooms-Katoliek, Protestants* of *Gereformeerd* voorkom om die kerk in die Middeleeue te beskryf nie. Dit gaan tog nie hier om òf Rooms-Katolisisme òf Protestantisme nie—bloot omdat daar toe nog nie sprake was van dié groot tweespalt in die Christelike kerk was nie.

Streng gesproke val die *Hervorming* in die st. 6-sillabus, maar die goeie st. 5-Geskiedenisonderwyser *kan* daarna verwys.

### 5. Die onderwyser, sillabus en leerlinhoud

In die skool gaan dit vir die onderwyser om onderrig én opvoeding-tot-volwassenheid. In die Christelike skool gaan dit vir die Christenonderwyser om die vorming van kinders tot (ook) Christelike volwassenheid—sonder dogmatiese tussenkomste. By 'n stuk geskiedenis soos met die ontstaan van die Christelike kerk, gaan dit om akademiese inhoud, maar dan inhoud ingebed in die Bybelse waarhede as ewiggeldende, leidende grondmotief. Skrifwaarhede en -beginsels word dan vir die Christenonderwyser meer as net historiese feite; dit word heilsfeite en geloofsfeite. Leerinhoude word dan teen 'n bepaalde geloofsoortuiging—in dié geval die Christelike geloof—verbesonder. Só word onderwys 'n sogenaamde "eie saak".

Die sillabus is dus eintlik weer 'n "algemene saak" wat leerinhoud in die breë aan die orde stel. Die onderwyser het tog nie dieselfde neutrale rol te speel nie.